

**19 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: JOB 33:14-33**  
**FOKUSGEDEELTE: JOB 33:26**

### **Uit genade alleen**

Soos Elifas, is ook Elihu se raad aan Job nie spesifiek op hom van toepassing nie. Job ly nie oor sy sonde nie. Tog is daar in 'n wonderlike troos in sy woorde.

Volgens Elihu praat die Here op verskillende maniere met die mens, onder andere deur drome en ook deur siekte. Hy sien egter nie die siekte spesifiek as die boodskap van die Here nie, maar die herstel, want juis daar waar die sieke gesond word, kan hy nie anders as om die Here te prys oor sy gesondheid nie. Herstel kom tog vanweë die Here se genade en nie deur ons eie vermoëns nie. Selfs wanneer die siekte 'n straf weens een of ander sonde is, is die herstel daarvan genade van die Here en nie omdat die sondaar sy sonde bely het nie. Elihu sê die rede is dat 'n engel 'n losprys vir hom betaal het.

As die Here ons dan van liggaamlike siekte uit genade alleen verlos, sonder dat ons ons gesondheid kan verdien, hoeveel te meer is ons verlossing van die sonde en dood nie die genade van God alleen nie? Die genade ontvang ons omdat Jesus Christus die losprys vir ons lewe betaal het.

Ons kan dus ook met vreugde tot God bid en weet dat Hy ons gebed om herstel sal verhoor en ons mense sal maak wat reg voor God leef.

*Sing: Psalm 32:1*

*Ds André de Jager (Volksrust)*